higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 4

(11020334)

20 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

350Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Wiskundige modelle word gebruik om produksieprobleme te simuleer, wat navorsers in staat stel om al die toepaslike faktore te bestudeer wat met ’n probleem verband hou.

A Projekgedrewe bestuur
B Kwalitatiewe benadering
C Kwantitatiewe benadering
D Interrelasie van stelsels

1.2 Die koste-implikasies wanneer besluit word waar die onderneming se fasiliteite geleë behoort te word, sluit in:

A vervoerkoste, produksiebeplanning en dienslewering
B rigting, mark en opgawes
C produksie, beplanning, rigting en oorhange
D mark, dienslewering en begeleidingsklasse

1.3 Die proses waarvolgens hulpbronne op ’n beheerde manier gekombineer en omskep word om ooreenkomstig beleide van die maatskappy waarde toe te voeg.

A Bedryfsbestuur
B Bedryfsfunksie
C Bedryfstrategie
D Bedryfsbestuurder

1.4 Kostes wat in verhouding tot die aktiwiteite van ’n onderneming aangegaan word.

A Staande koste
B Bokoste (‘Overhead costs’)
C Vaste koste
D Veranderlike koste

1.5 Dit word vir ’n enkele rit of ’n aantal soortgelyke ritte uitgereik.

A Gebied-tydperkpermit
B Roete-tydperkpermit
C Ritpermit
D Landswye permit

Kopiereg voorbehou

1.6 ’n ... is ’n kenmerkende swaardiens- insleepenjin wat beweegkrag verskaf om ’n gesleepte of sleepwavrag te trek.

A Leunwa (‘semi-trailer’)
B Voorspanmotor (‘truck tractor’)
C Modulêre sleepwa
D Verlengbare leunwa

1.7 ’n Abnormalevoertuig-waarskubord moet vertoon word by die …

A voorkant van die abnormale voertuig alleenlik.
B agterkant van die abnormale voertuig alleenlik.
C twee deure van die abnormale voertuig.
D voor- en agterkant van die abnormale voertuig.

1.8 Die horisontale afstand tussen die middelpunte van die voor- en agterwiele.

A Oorhang
B Stabiliteit
C Draaistraal (‘Turning radius’)
D Asafstand (‘Wheelbase’)

1.9 Die bestuurder van ’n voertuig wat gevaarlike goedere vervoer, moet:

A ’n geldige PrDP-D besit en dit aan sy/haar persoon dra wanneer vereis
B geregistreer wees as ’n eienaar en operateur van gevaarlike goedere
C ’n beleid skep vir die ontvangs en berging van gevaarlike goedere
D besluit oor die tipe en hoeveelhede goedere wat vervoer word

1.10 Dit sluit in die statutêre voertuiginspeksievereistes vir alle voertuie wat gevaarlike goedere vervoer:

A Bestuurslisensie-toetssentrum
B SANS 10229
C SANS 10230
D Vervaardiger se graderings

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Beleide is verwante aktiwiteite wat ’n spesifieke diens of produk produseer.

2.2 In Suid-Afrika kan ’n taxi ’n 16-sitplekpaneelwa of minibus wees.

2.3 ’n Kostesentrum is ’n stuk toerusting, lokaliteit of selfs ’n persoon teen wie sekere spesifieke koste gehef word.

Kopiereg voorbehou

2.4 ’n Abnormale vrag is enige substansie of materiaal wat die vermoë het om ’n onredelike risiko vir gesondheid, veiligheid en eiendom in te hou wanneer dit vervoer word.

2.5 Grondvryhoogte is die hoeveelheid ruimte tussen die basis van ’n voertuig se bande en die onderstel se onderkant.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	’n Persoon wat regtens bemagtig is om namens ’n ander persoon of entiteit op te tree	A	risikobeoordeling
3.2	Is ’n niegemotoriseerde voertuig wat ontwerp is vir koppeling aan ’n trekker-eenheid, vragmotor of primêre kragbron-voertuig, met sterk traksievermoë	B	agent
3.3	Proses wat bepaal of dit haalbaar en kostedoeltreffend is om ’n spesifieke taak of bedrywigheid aan te pak	C	versender
3.4	Is ’n groot, gestandaardiseerde houer wat vir intermodale vervoer ontwerp en gebou is	D	PrDP
3.5	’n Professionele bestuurspermit wat benodig word om openbare vervoer- en swaardiensvoertuie te bestuur, byvoorbeeld taxi’s, busse en insleepvoertuie	E	vraghouer
		F	steunwiel (‘dolly’)
		G	standaard

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Beskryf kortliks die betekenis van die volgende woorde/frases:

4.1 Dienste

4.2 Bestuursteorie

4.3 Verpakkingsgroep III

4.4 Versorgingsplig

4.5 Voorsorgbeginsel (5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daaropvolg.

In die vervoerbedryf het stelseldenke ('systems thinking') gelei tot 'n groter fokus op die impak van vervoereksternaliteite, soos lug- en klankbesoedeling asook die gebruikspatrone van grond, op die omgewing.

5.1 Teken 'n diagram om die onderskeie prosesse van 'n vervoeronderneming uit 'n stelselperspektief te illustreer. Dui die VIER hoofkomponente aan, en verstrek voorbeelde vir elke komponent. (9)

5.2 Verduidelik die strategiese rol van vervoerbestuur en -beplanning. (6)

5.3 Beskryf VIER take wat gewoonlik deur werknemers in die mensehulpbronafdeling uitgevoer word. (4 × 2) (8)

5.4 Stel TWEE aspekte voor wat oorweeg moet word wanneer roeteskedules bepaal word. (2)

5.5 Noem VYF vervoermodusse en bespreek kortliks hoe geskik elk van die VYF is om items met 'n hoë waarde te vervoer. (5 × 2) (10)

[35]

VRAAG 6

6.1 Definieer die *gedesentraliseerde verspreiding benadering* (*'decentralised distribution approach'*). (3)

6.2 Som die impak van vervoer op ander bedrywe onder die volgende opskrifte op:

6.2.1 Sekuriteit en veiligheid

6.2.2 Mededinging

(2 × 2) (4)

6.3 Gee VIER eienskappe van produkte wat die koste van die vervoer daarvan kan beïnvloed. (4 × 2) (8)

6.4 Behalwe jou antwoord in VRAAG 6.3, lys VYF ander elemente wat die koste van goederevervoer beïnvloed. (5)

[20]

VRAAG 7

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



7.1	7.1.1	Identifiseer die tipe mobiele hyskraan wat in die bostaande illustrasie uitgebeeld word.	(1)
	7.1.2	Verduidelik kortliks die verskil tussen die TWEE tipes abnormale vragte wat deur voertuie vervoer word.	(7)
	7.1.3	Gee enige DRIE vereistes/beperkings wat oorweeg moet word in die geval van voertuie wat vragte met abnormale massa op 'n openbare pad vervoer. (3 × 2)	(6)
7.2		Beskryf VIER regsvereistes wanneer vlae gebruik word om abnormale vragte op voertuie aan te dui. (4 × 2)	(8)
7.3		Gee VIER verantwoordelikhede van die persoon wat die bedrywighede van abnormale vragte monitor. (4 × 2)	(8)
			[30]

VRAAG 8

Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae.

8.1



8.1.1 Lys en definieer die gevaarlike middel in Klas 3. (3)

8.1.2 Identifiseer die TWEE middels in Klas 6. (2)

8.1.3 Gee DRIE voorbeelde van gevaarlike goedere in Klas 9. (3)

8.1.4 Gee die klasnommer vir plofstowwe in die bostaande diagram. (1)

8.2 Beskryf VYF verpakkingsmetodes wat gebruik word vir die veilige vervoer of berging van gevaarlike produkte. (5 × 2) (10)

8.3 Die NPVR ('NRTR') vereis dat bestuurders wat gevaarlike goedere vervoer deur 'n geakkrediteerde opleidingsverskaffer opgelei word.

Verduidelik DRIE items wat by die bestuurder se sillabus ingesluit moet word. (3 × 2) (6)

8.4 Som die aspekte op wat by ’n noodplan vir gevaarlike goedere ingesluit moet word onder die volgende opskrifte:

8.4.1 Omvang (‘Scope’)

8.4.2 Inhoudsopgawe

8.4.3 Definisie van situasie wat gedek word

8.4.4 Tipes noodgevalle

8.4.5 Ontruiming

(5 × 2) (10)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou